

3 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 15:13-34

Ter wille van die liefde ... die goue reël

Jakobus, die broer van Jesus, het 'n belangrike bydrae gelewer op die vergadering te Jerusalem. Hy ondersteun Petrus en Paulus met verwysing na Amos 9:11-12 en wys daarop dat God wil hê dat die heidennasies deel van sy eiendom moet wees. God seën die sendingwerk op 'n kragtige wyse en daarom mag die kerk geen struikelblok in die weg lê nie.

In sy verdere betoog lê Jakobus 'n belangrike beginsel vir die gelowiges neer: ter wille van die liefde moet ons ons vryheid in Christus vrywillig beperk om die band met die medegelowiges te behou. Nadat daar besluit is om nie die besnydenis en ander Joodse wette op te dring aan die gelowiges uit die heidendom nie, word tog sekere voorwaardes gestel in vers 20. Ter wille van die eenheid van die kerk en die goeie verhouding tussen Joodse en heidenchristene, word laasgenoemde versoek om hulle van sekere dinge te weerhou waaroor die Joodse gelowiges baie gevoelig was. So word 'n gesonde verhouding gereël: van weerskante moet toegewings gemaak word. 'n Skikking is in liefde bereik. Dit is die uitlewing van die goue reël van Matt 7:12.

Hierdie besluite is eenparig geneem (verse 22,25 en 28) en dra Goddelike gesag en goedkeuring. Die belangrike waarheid wat hier duidelik word, is dat die kerk nie met 'n meerderheidstem regeer word nie, maar deur die Koning van die kerk en sy Gees. Moet ons nie hieruit weer leer oor die manier waarop kerklike besluitneming moet geskied nie?

Sing: Psalm 68:12

Prof F Denkema (Potchefstroom)